AGRI SA-KONGRES: PRESIDENTSREDE: 2011

Ontsluiting van die landbou se ontwikkelingspotensiaal

Globalisering is nie ‘n nuwe konsep nie. Ons word daagliks daaraan herinner deur die invloed van die voortslepende ekonomiese krisisse in die VSA en Europa op die Rand se wisselkoers en op rentekoerse. Die streekskonflikte in Arabiese lande jaag ons brandstofpryse op. Vliegtuie en inligtingstegnologie het die mure van afstand en tyd afgebreek. Met Skype, Twitter, Facebook en BBM-boodskappe word nuus die wêreld oor uitgeruil en selfs revolusies beplan en bestuur. Ons kinders, kennisse en vriende werk in verskillende kontinente maar hou kontak met ons asof ons bure is. Ons samelewing en ekonomie het maar net nog ‘n deel van ‘n wêrelddorp geword. Dit is ook hoe die beleggersgemeenskap Suid-Afrika sien en opweeg teenoor ander opsies waardeur hulle hul sakebelange kan dien.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het verseker bepaalde aantreklikhede, waarvan sy rykdom aan natuurlike hulpbronne en kontak met Afrika van die gesogste is, maar die basis hiervan behoort sy mededingendheid te wees wat jaarliks met opnames teenoor dié van feitlik elke ander land in die wêreld opgeweeg word. Hiermee skort daar ongelukkig ‘n paar kritiese elemente, met die gevolg dat Suid-Afrika in ‘n middelgroep figureer wat van hom nie ‘n voorkeur-beleggersbestemming maak nie.

Met globalisering ding besighede nie net op plaaslike en nasionale vlak met mekaar mee nie, maar met feitlik enige ander besigheid in die wêreld wat ‘n soortgelyke produk of diens verskaf. Dit geld ook vir plaaslike boerderye wat met min beskerming en ondersteuning by gesofistikeerde waardekettings moet inskakel wat op hul beurt in die wêreldmark vir kleinhandel-rakspasie en verbruiker-ondersteuning meeding. Hoewel belangrik, is prysmededingendheid nie die enigste bepalende faktor vir sukses op hierdie vlak is nie. Verskaffers moet ook aan kwaliteitstandaarde voldoen, ‘n betroubare leweransier wees, voldoende volumes voorsien wat skaalvoordele met verpakking, prosessering en vervoer moontlik maak, asook goeie logistieke vermoëns hê wat betroubaarheid en kwaliteit ondersteun. Verskeie vereistes moet dus in plek wees om die Suid-Afrikaanse landbou ‘n waardige mededinger in die wêreldmark te maak.

Die waarde van eksterne alliansies, soos Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS-groep, kan sekerlik ‘n bydrae maak tot die verdere integrering van die Suid-Afrikaanse ekonomie met ontluikende markte. Ons neem kennis dat daar binne dié groep spesifiek aandag gegee word aan die identifisering van handelsgeleenthede wat die gebalanseerde ontwikkeling van lidlande kan ondersteun. Hierdie verhouding met BRICS-lande, wat oor goed ontwikkelde landboubedrywe en industriële basisse beskik, sal Suid-Afrika daartoe dryf om meer aandag te gee aan die fundamentele aspekte wat sy mededingendheid bepaal. In dié verband is logistieke tekortkominge, beperkende reëlings in die arbeidsmark, kritiese vaardigheidstekorte en burokratiese en regulatoriese rompslomp aangeleenthede wat Suid-Afrika se mededingendheid benadeel. Van die regstellings wat nodig is, kan maklik aangebring word. Van dit is bloot die regruk van swak administrasie, die uitskakeling van korrupsie en ‘n bereidwilligheid om konstruktief met die privaatsektor saam te werk. Ander verstellings is meer fundamenteel en sal sterk politieke wil verg om beleid te aanvaar en toe te pas wat mark- en beleggersvriendelik is.

Die vraag is hoe haalbaar dit is om, te midde van ‘n sukkelende wêreldekonomie, van Suid-Afrika ‘n wen-ekonomie en -samelewing te maak. ‘n Teenvraag is of Suid-Afrika dit kan bekostig om nie ambisieus met sy groei- en ontwikkelingsdoelwitte te wees nie. Dit is slegs deur versnelde ekonomiese ontwikkeling waardeur die sistemiese werkloosheidsprobleem met sy maatskaplike en politieke risiko’s aangespreek kan word. Sonder geld kan min gedoen word om beter opleiding, gesondheidsdienste, behuising en verbeterde dienslewering te bied of wat ookal nodig mag wees om ook die maatskaplike behoeftes van die breë gemeenskap na behore te diens. Dit spreek vanself dat die integriteit en kapasiteit van die Staat om sodanige dienste te lewer, ook in plek moet wees. Hieroor het ons almal kommer, maar dit is ‘n uitdaging waarvoor die Regering teenoor die kieserspubliek verantwoordelikheid moet aanvaar.

Ten einde die landbou sy regmatige bydrae ten opsigte van groei en ontwikkeling te laat lewer, is dus nie net ‘n teoretiese opsie nie. Landbou kan en moet sy volle bydrae tot landelike ontwikkeling, werkskepping en voedselsekerheid lewer. Die landbou se skakel-effek met insetverskaffers en die voedselmark sal ook algemene ekonomiese ontwikkeling stimuleer - veel meer as wat groei op primêre boerderyvlak oplewer. Die ontsluiting van die landbou se ontwikkelingspotensiaal is dus ‘n nasionale prioriteit wat deur die Regering, in samewerking met rolspelers in die bedryf, nagejaag moet word.

Dit is om hierdie rede juis belangrik dat daar nie oor die einddoel van landbou-ontwikkeling verskil of getwis moet word nie. Dit is tog nie moontlik om hartlik en suksesvol saam te werk as rolspelers uiteenlopende motiewe, maar meer nog, verskille oor wat bereik moet word nie. Daarom is konsensus tussen die Regering en rolspelers in die bedryf oor die visie - dit is wat ons met landbou wil bereik - noodsaaklik. Die visie moet die regmatige doelwitte van die Regering akkommodeer, maar ook die belange van ‘n suksesvolle kommersiële landbousektor dien. Dit moet ‘n soliede vertrekpunt verskaf vir beleidsoptrede waardeur die bedryf uitgebou kan word en vertroue by boere en landboubesighede inboesem sodat hulle in landbou se produksievermoë belê, mense in diens neem en voldoende voedsel en vesel van goeie kwaliteit op die mark plaas. Later meer hieroor.

Van die begrippe waarna ek hierbo verwys het, handel oor wat gedoen moet word sodat die Suid-Afrikaanse landboubedryf die land se ekonomie en samelewing se belange ten beste kan dien, te midde van die strawwe uitdagings van ‘n mededingende globale mark-omgewing. Terwyl rugbylande tans meeding om die gesogde Webb Ellis-trofee waarvan die houer as wêreldkampioen gekroon sal word, wil ek ‘n paar vergelykings tussen ons landboubedryf en die trots Suid-Afrikaanse rugby-kultuur tref. Ons wil mos met beide ons landboubedryf sowel as met rugby, gerekende mededingers op die wêreldplatvorm wees!

- **Liefde vir, en kennis van die landbou**

Die meeste van ons het van kindsbeen af rugby beleef, gespeel, geluister en ondersteun. Ons het ons helde gehad: op skool, universiteit maar veral in die Springbokkleure. Ons kon stry oor beslissings en goeie talent en taktiek raaksien en waardeer. ‘n Wenspan kan altyd reken op sy bewonderaars se ondersteuning. Niemand hou van verloorders nie. Natuurlik is daar ‘n reëlboek en skeidsregters wat dit toepas. Strafskoppe, geel- en selfs rooikaarte bring spelers in lyn om by die reëls te hou wat verseker dat die spel vloei en die beste span hopelik wen.

Wat sê dit vir landbou onder heersende omstandighede? Met hoeveel liefde vir en kennis van die landbou word daar besin en besluit oor die versorging van spelers en die toepassing van spelreëls vir mededingende, volhoubare voedselproduksie? Is daar genoegsame begrip by die verbruikers, beleidmakers en administrateurs van wat dit verg om teen strawwe mededinging op die landboufront, jou man te staan? Ek twyfel – in menseheugenis was ons bevolking nog nie aan ‘n nasionale voedselsekerheidkrisis blootgestel nie. Winkels het nog altyd genoeg gehad van alles wat benodig word. Daarom word landbou dikwels deur buitestaanders as ‘n idilliese lewe geag wat dan-en-wan met droogtes, brande of vloede te kampe het, maar andersins goeie lewenskwaliteit bied. Oor dun winsmarges en veiligheid-, biologiese-, klimaat- en markrisiko’s is daar grootliks onkunde. Daarom word grond dikwels ook as rykdom beskou, met min begrip van wat dit verg om welvaart daaruit te skep.

Onkunde en ‘n gebrek aan begrip moet nie as ‘n aanklag teen buitestaanders beskou word nie. Vir dekades kon ‘n groot deel van die bevolking nie aan kommersiële landbou deelneem of besluite daaroor neem nie. Met verstedeliking was daar ook ‘n vervreemding van landbou sodat die grootste deel van die bevolking nie meer kennis en begrip van die kompleksiteite daarvan het nie. Daarom is dit vir ons, as landbouers, ‘n uitdaging om ‘n brug oor hierdie kloof van onkunde te bou, sodat daar by besluitnemers op alle vlakke asook by administrateurs en verbruikers vertroue ingeboesem kan word dat ons kennis, insig en bydraes onontbeerlik is vir die kritiese beleidskeuses wat oor en ten behoewe van ons gemaak word.

Daarom is omvattende kommunikasie en skakel-aksies waardeur kennis verbreed en korrekte persepsies geskep word, is ‘n belangrike vertrekpunt om van landbou ‘n wenbedryf te maak.

- **Konsensus oor ‘n langtermyn visie en samewerking**

Beplanning om ‘n wêreldbekertoernooi te wen, word nie oornag gedoen nie. Strukture en stelsels moet in plek wees en vir ‘n geruime tyd doeltreffend funksioneer alvorens dit moontlik sal wees om ‘n wêreldkampioen op te lewer. Dit kan slegs gedoen word indien daar ‘n duidelike visie is wat nagestreef word.

Die vraag is, wat is ons visie? Het ons tussen spelers, toeskouers, administrateurs, reëlmakers en fluitjieblasers konsensus daaroor? Dikwels word swak prestasie aan onenigheid tussen bestuur en spelers toegeskryf. My standpunt is dat daar nog wesenlike verskille tussen belanghebbendes daaroor bestaan. Die vraag kan met reg gevra word, of daar nie verwarrende boodskappe na rolspelers in die landbou gestuur word nie. Dit is beslis die geval. Daar is verder selfs weersprekende boodskappe uit regeringskringe oor waarheen hulle met die landbou oppad is. Dit breek vertroue af en het ‘n gebrek aan fokus tot gevolg.

Daar is ook ‘n gebrek aan konsensus in landbougeledere self oor wat hulle van die Staat verlang. Daarom verwelkom ek die gesprek wat nou weer onder die voorsitterskap van professor Mohammad Karaan onderweg is om konsensus-optrede tussen verskillende landbou-organisasies – veral oor die belangriker en soms emosionele kwessies – te bevorder. ‘n Belangrike vertrekpunt hiervoor is dat bestaande organisasies se bestaansreg erken word en dat vertroue gebou word deur samewerkingsmoontlikhede op enkele beleidsterreine te ondersoek.

Die Landbousektorplan, wat in die voormalige President Thabo Mbeki se tyd geformuleer was en as raamwerk vir beleidvoering sou dien, is gereeld deur belanghebbendes met hom bespreek, maar het mank gegaan aan ‘n vennootskapsverhouding met die implementeringsbestuur daarvan. Die plan is sedertdien hersien om nuwe beleidsrigtings te akkommodeer, maar daar is die afgelope drie jaar nog geen vordering gemaak met die implementeringsbestuur daarvan nie. Tewens, daar is ‘n wesenlike kommunikasiegaping aan die ontwikkel tussen die spelers in die bedryf, die administrasie en die reëlmakers. Vrae wat by spelers kommer wek, strek oor ‘n wye front, maar sekere spesifieke vrae kom dikwels na vore, byvoorbeeld: wie kan met gesag sê wat die term “agrariese transformasie” vir die kommersiële landbou inhou? Wat sal “aanvaarbare” en “genoegsame” bydraes deur bestaande kommersiële boere in belang van transformasie behels? Met watter sekerheid kan besigheidsbesluite oor grondaankope of kapitale verbeterings geneem word, wat ‘n langtermyn verpligting op die belegger daarvan plaas, teen die agtergrond van die Groenskrif oor Grondhervorming wat tans vir kommentaar beskikbaar is?

Die Nuwe Ekonomiese Groeipad, die werk van die Nasionale Beplanningskommissie en ander beleidsdokumente maak dit duidelik dat die Regering die verwagting het dat die landbou ‘n wesenlike bydrae tot landelike ontwikkeling en werkskepping kan en moet maak. Internasionale ervaring en tendense ondersteun die siening dat daar ‘n bloeitydperk vir landbou voorlê, ondanks wêreldwye kommer oor die ekonomiese vooruitsigte weens die skuldlas waarmee daar in die VSA en Europa geworstel word.

Die onsekerheid wat egter oor die toekoms van kommersiële landbou bestaan – wat ongelukkig verder deur die onbedoelde nadelige gevolge van sekere stukke wetgewing en soms ongevraagde radikale politieke uitsprake vertroebel word – maak dat die landbou reeds nie aan die groeiverwagtinge voldoen nie en waarskynlik ook nie volle voordeel uit die oplewing van wêreldmarkte sal put, wat ons só broodnodig het nie.

Dit is ‘n faling van leierskap wat die landbouspan en verbruikersgemeenskap nie kan bekostig nie. As dit deur ‘n landbou-kodesa bygelê moet word, sal Agri SA daaraan deelneem. Dit is ‘n feit dat blote beweging, sonder dat ‘n bestemming of einddoel nagejaag word, nutteloos is. Dit is soos dryfhout wat rigtingloos op see deur die wind gestuur word.

Agri SA se kongres het verlede jaar ‘n besluit geneem dat hierdie organisasie konstruktief sal meedoen aan enige forum of geleentheid waar grondreëls vir eiendomsreg bespreek óf oor besluit sal word. Ek wil graag hierdie mandaat weer as ‘n geleentheid vir dialoog met die Regering aanbied. Ons het waardering vir raadpleging oor sekere kardinale kwessies, soos nou weer die geval is met die Groenskrif oor Grondhervorming, maar vind dit problematies dat dit ‘n ad hoc-benadering is en beleidsontwikkeling dikwels ver gevorder het alvorens daar geraadpleeg word. Op ‘n laat stadium is dit moeilik om wesenlike veranderings aan te bring – hoe geregverdig ookal – en dit skep die indruk van konflik wat opsigself negatief op bedryfsvertroue inwerk. Gebrekkige raadpleging het tot gevolg dat Agri SA hom al ‘n paar keer tot die hof moes wend om ‘n billike bedeling te bereik. Hoewel ek groot waardering het vir ons Grondwet en howe wat dit moontlik maak om ongewenste beleidskeuses te stuit, is dit nie die aangewese wyse om vertroue by spelers in die bedryf te bou en ‘n wenkultuur te vestig nie.

- **Daar moet ‘n strewe na uitnemendheid wees**

Om die wêreldbeker te wen, verg uitnemendheid op alle vlakke en op verskillende terreine. Ek het byvoorbeeld kommer oor die gevare wat endemiese Afrika-dieresiektes vir ons veebedryf inhou. Navorsing, voorkomende en nasorgbehandeling met noodsaaklike regulatoriese beheer toon tekens van verval wat reeds hul letsels op die veebedryf gelaat het. Die Dieregesondheidsforum het ‘n uiters belangrike verantwoordelikheid om pro-aktiewe gesondheidsoptrede vir die veebedryf te beplan en behulpsaam te wees om krisisse gekoördineerd te bestuur. In dié opsig kan ons heelwat leer uit die lesse met bek-en-klouseer in KwaZulu-Natal en voëlgriep in die volstruisbedryf.

Ramp- en noodhulp vir die landbou is soos om goeie mediese sorg langs die rugbyveld beskikbaar te hê. Ek wil graag dankie sê aan almal wat meegedoen het om vanjaar se vloedramphulp goedgekeur te kry. Nogtans is daar sistemiese probleme met opnames en die ontsluiting van fondse wat reggestel moet word. Ek is bly dat dit tans op hoë vlak aandag geniet. Te min hulp wat te laat beskikbaar kom, kan ons landbouspan geen keuse laat as om met beseerde of afwesige spelers op die veld te draf nie. Daar behoort dus algemene instemming te wees dat hierdie tekortkominge reggestel moet word.

Maar uitnemendheid vereis ook dat daar in die ontdekking en slyp van ons landboutalent belê moet word. Luidens ‘n verslag van die Land Bank met die titel “Addressing Challenges of Financing Emerging Farmers” is bevind dat een van die redes vir die mislukking van soveel nuwe toetreders, die swak keuse van bevoordeeldes is. Van die aanbevelings behels onder meer dat strenger seleksiekriteria toegepas word. Ek stem daarmee saam en sal graag wil sien dat die Regering hierby inkoop. Maar die slyp van talent gaan verder as die identifisering daarvan. Ons landbouskole en kolleges moet prima instellings wees wat uitnemendheid in die landbou rugsteun. Landbou-ondersteuningsdienste moet ook gesogte loopbaangeleenthede vir talentvolle studente bied. Ek is van mening dat alle rolspelers in die bedryf asook die Staat ‘n groot bydrae te lewer het om entoesiasme oor die landbou te bevorder wat die regte mensemateriaal sal aanmoedig om by die landbou betrokke te raak.

- **Daar moet in infrastruktuur en dienste belê word**

‘n Professionele vertoning op internasionale sportvlak sal net moontlik wees as spelers toegang het tot goeie oefengeriewe, daar sportsentrums is waar die spel beoefen word, hulle toerusting aan die beste standaarde voldoen, en omgesien word na hulle dieet en logistieke reëlings soos reis- en verblyfreëlings. In die landbou kan hierdie vereistes vergelyk word met elektrisiteitsverskaffing, waterinfrastruktuur, kommunikasie en bemarkingslogistiek met inbegrip van inligting, paaie, spoorvervoer, telekommunikasiegeriewe, hawens, silo’s en so meer. Hierdie infrastruktuur en dienste is bepalend vir lewensvatbare produksie sowel as vir bemarking. Gedurende die verslagjaar het Agri SA heelwat aandag gegee aan voorstelle om elektrisiteit vir die landbou meer bekostigbaar te maak en vervoer- sowel as kommunikasie-knelpunte uit die weg te ruim. Ons wag nog op ‘n regeringsbesluit oor ‘n beter elektrisiteitstariefbedeling vir die landbou en het konstruktiewe gesprekke met vervoer-owerhede oor swak padinfrastruktuur gehad. Dit blyk ook dat landelike gemeenskappe, wat baie frustrasie met Telkom se landlyndienste ondervind, op nuwe-generasie kommunikasietegnologie aangewese sal wees om

dit te oorkom. Ons het ook konstruktiewe resultate behaal deur onderhandelings met die Departement van Waterwese oor watertariewe.

Hierdie aspekte, insluitend dié van ‘n effektiewe inligting- en mededingingsomgewing is ook in die kongresagenda opgeneem vir verdere debatering en opdragte vir hantering in die komende jaar.

- **Fokus-areas**

Die rugbyspanne wat aan die eindrondtes van die kampioenskapstoernooi deelneem word van andere onderskei op grond van hulle talente maar ook hul vermoë om met dissipline te bly fokus op die mees kritieke aspekte van die spel. Dit is ook vir ons as landbouers en as landbou-organisasie van belang. Met die deurlees van die Jaarverslag sal u opmerk dat Agri SA sy werkprogram in verskillende beleidsterreine verdeel het. Elk van daarvan het ‘n verkose leier uit ons affiliasie-geledere wat deur ‘n span kundige personeel ondersteun word. Die werkprogramme van die beleidskomitees word enersyds beïnvloed deur beleidsprosesse uit regeringsgeledere, maar andersyds ook deur die behoeftes van landbouers soos aan Agri SA deur affiliasies se verteenwoordigers in die betrokke komitees oorgedra. Ons maak in hierdie komitees ten beste gebruik van die kundigheid waaroor ons affiliasies beskik, maar maak ook van eksterne kundigheid wanneer omstandighede dit vereis. Ek wil u tog aanmoedig om van die inligting wat in die Jaarverslag opgeneem is te gebruik wanneer u aan grondvlaklede terugvoering gee oor wat op nasionale vlak in hulle belang gedoen word. Ek wil nogtans enkele prioriteite uitlig.

Vanweë verskeie redes heg Agri SA besondere waarde aan ‘n markgerigte sisteem wat deur private eiendomsreg gerugsteun word. Landbouers se bates is grootliks in landbougrond en vaste verbeterings wat oor tyd daarop aangebring is, opgesluit. Dit is hulle sekuriteit vir finansiering en is ook ‘n belangrike meganisme waardeur risiko’s verskans en bestuur kan word.

Terwyl Agri SA die transformasie ten opsigte van deelname aan die bedryf ten volle ondersteun, is dit sy standpunt dat eienaars van landbougrond nie teenoor ander belastingbetalers finansieel benadeel moet word wanneer transformasiedoelwitte nagestreef word nie. Teen dié agtergrond het Agri SA dit die afgelope paar jaar ondervind dat die Regering nie noodwendig hierdie uitgangspunt met ons deel nie. Ek het na aanleiding van die hooggeregshofuitspraak dat die Minerale Hulpbronne Ontwikkelingswet die onteiening van mineraleregte impliseer, ‘n brief aan President Jacob Zuma gerig met die versoek dat ons deur dialoog hieroor ‘n meer bevredigende verstandhouding moet bereik. Wat Agri SA aanbetref het die Regering moontlik ‘n ander interpretering van Artikel 25 van die Grondwet wat oor eiendomsreg handel, as dié van Agri SA. Suid-Afrika beskik oor die finansiële vermoë om eienaars billik te vergoed vir opofferings wat vir transformasie vereis word en indien dit wel nagekom word, sal dit die weg baan vir hegter samewerking en meer stabiele verhoudinge oor die langtermyn. By gebrek aan konsensus oor hierdie belangrike uitgangspunt, sal Agri SA hom steeds as laaste uitweg op die hof moet beroep om billikheid te verseker.

Ons het ook telkens daarop gewys dat beleidsontwikkeling – ten spyte van ondernemings tot die teendeel – in sogenaamde “silo’s” gedoen word. Die behoefte is dat daar voldoende koördinering met beleidsontwikkeling- en toepassing moet wees. Agri SA het hierdie aangeleentheid vanjaar tydens sy Februarie-beleidskonferensie onder oë geneem toe aspekte

soos plaaslike regering, agro-nywerheidsontwikkeling en mededingingswetgewing se invloed op landbou-ontwikkeling bespreek was. Minister Ebrahim Patel se standpunt by dié geleentheid was dat dit aangeleenthede is wat in die toekoms binne die raamwerk van die Nuwe Ekonomiese Groeipad beter hanteer sal word. Hierdie kongres se agenda bou daarop voort en sal Agri SA se werkprogram vir die jaar vorentoe bepaal. Vir doeleindes van landbou-ontwikkeling is dit nodig om samehangende uitsluitsel te verkry oor kwessies soos eiendomsreg, regulatoriese beheer, die reëls rondom markinligting, 'n landbouhandel- en tariefbeleid, infrastruktuurverskaffing en waardeketting-ontwikkeling. Dit is die boublokke waarmee struktuur aan 'n ontwikkelingsroete gegee moet word wat belegging in die landbou sal aanmoedig, kwaliteit-werksgeleenthede skep, voedselsekerheid bevorder en ook ander elemente van die visie vir 'n vooruitstrewende landbou bereikbaar maak.

Alhoewel daar wêreldwyd eenstemmigheid is dat die landbou 'n bloeitydperk tegemoet gaan, heers daar tog kommer oor voedselsekerheidsvraagstukke wat hieruit kan voortspruit, veral vir gemeenskappe in ontwikkelende ekonomieë. Daarmee saam is daar ook kommer dat wisselvallige pryse investering in produksiekapasiteit kan ontmoedig. Tesame met kwessies soos aardverwarming, klimaatsverandering en die noodsaak dat landbouproduksie te midde hiervan moet bly verhoog terwyl sy nadelige invloed op die omgewing moet verklein, het dit landbou hoog op die internasionale agenda van regerings en multi-laterale agentskappe geplaas. Hoewel daar verskeie unieke uitdagings vir Suid-Afrika is om sy landbou te herstruktureer om by demografiese en maatskaplike vereistes aan te pas, kan ons nie die prioriteite van die bedryf soos blyk uit internasionale agendas, uit die oog verloor nie. Daarom is dit belangrik dat daar van beleid - tot op plaasvlak omgesien word na die versorging van die basiese funksies van die landbou, naamlik om voedsel en vesel mededingend en volhoubaar te produseer. Dit lê tot grondslag van stabiliteit en vooruitgang en behoort die fokus van ons organisasie te bly.

- **Slot-opmerkings**

Ek kyk met waardering terug op 'n jaar waar ons met verskeie ministers gesprek kon voer oor oplossings vir landbou-knelpunte. Dankie dat ons bona fides aanvaar word en erkenning aan die kwaliteit van ons bydraes verleen word. Ek het ook die voorreg gehad om landswyd boeregroepe te besoek, na hulle te luister en hulle toe te spreek. Dankie vir die hartlikheid waarmee ek ontvang is. Ek het uitstekende samewerking van Agri SA se affiliasies ontvang en ek wil elkeen van hulle alle sukses toewens met dit wat hulle in belang van ekonomies-volhoubare landbouproduksie nastreef en doen. Ons is geseënd by Agri SA met finansies wat nie oorvloedig is nie, maar wat met oordeelkundige bestuur aan ons behoeftes voldoen. Dankie aan ons sakevennote vir bydraes wat ons vermoë aanvul om aan prioriteite wat andersins agterweë kon raak, reg te laat geskied. Finansiële instellings se ruimskootse ondersteuning wat dit vir Agri SA moontlik gemaak het om 'n suksesvolle Eerste Algemene Vergadering van die nuutgestigde World Farmers' Organisation in Suid-Afrika aan te bied, verdien spesiale vermelding. Dankie vir die media wat besondere waarde heg aan die landbou se boodskap en dit gereeld en wyd na alle gemeenskappe uitdra. Voorts ook my dank aan my adjunk, Theo de Jager, Agri SA se personeel en bowenal my vrou, Delene wat dit moontlik maak om die landbou te dien.